 - iii) **geen syfer tussen hakies** dat '**n modulepunt van minstens 50%** in die aangeduide module vereis word ten einde vir die betrokke module waarvoor dit as vereiste gestel is, te mag registreer (Algemene Reël 2.3.3.2).
- e) Behalwe waar fakultetsreëls by die betrokke programme anders bepaal, mag 'n student wat vir 'n graad geregistreer is wat tot professionele of statutêre registrasie lei, slegs vir finalejaarmodules registreer indien al die voorafgaande modules geslaag is (Algemene Reël 2.3.3.4).

G.1.2.13 Samestelling van 'n deelnamepunt

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte.
- b) Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir modules, is soos uiteengesit in die betrokke modules se studiegids.

G.1.2.14 Eksamengeleenthede

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 2.4.4.

G.1.2.15 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamepunt en/of deelnamebewys (Algemene Reël 2.4.2).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs aan 'n student uitgereik word indien hy/sy tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakvoorsitter / programleier:
 - i) 'n deelnamepunt van minstens 35% vir eerstevlakmodules en 40% vir tweede-, derde- en vierdevlak modules behaal het, tensy ander spesifieke vereistes vir die betrokke module vereis word en in die studiegids aangedui is;
 - ii) vir Dieetkunde en Voedingkunde 'n deelnamepunt van minstens 50% vir al die modules in die vierdejaar behaal het;
 - iii) waar van toepassing, die praktiese werk wat vir die module vereis word, voltooi het;

- iv) vir praktiese modules in Verpleegkunde, Dieetkunde en Voedingkunde 'n deelnamepunt van minstens 50% behaal het; en
 - v) voldoen het aan die vereistes vir die betrokke module wat in die studiegids sowel as by die module-uitkomste in hierdie jaarboek by G.14 uiteengesit is.
- c) Die deelnamepunt en/of deelnamebewys van die student wat vir 'n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word netso oorgedra na die tweede eksamengeleentheid (Algemene Reël 2.4.4.3).

G.1.2.16 Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle

Die eksamenvraestel vir 'n 12 kredietpunt module duur gewoonlik twee ure en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie ure.

G.1.2.17 Moderering van modules, vraestelle en antwoordstelle

Algemene Reëls 1.1.1 en 2.4.1 is van toepassing.

G.1.2.18 Berekening van modulepunt

Die modulepunt (Algemene Reël, voetnota 5) word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit in die studiegidse en module-uitkomste by G.14 in die jaarboek.

G.1.2.19 Subminimum vir eksamen

- a) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene Reël 2.4.3.3), behalwe waar anders vermeld word in die reëls van spesifieke programme en kurrikulum.
- b) Die eksamen subminimum vir alle praktiese modules in Verpleegkunde-, Dieetkunde en Voedingkunde modules is 50% (Algemene Reël 2.4.3.3).

G.1.2.20 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum

- a) Die bepalings van Algemene Reël 2.4.3 en al die subparagrawe is van toepassing.
- b) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene Reël 2.4.3.1).
- c) Oorweging vir die aanpassing van die modulepunt van 'n eerstesemester-module waarin eksamen geskryf is maar nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reëls 2.4.3.2 en 2.4.3.4.
- d) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag (Algemene Reël 2.5.1).
- e) Ooreenkomsdig Algemene Reël 2.4.4.5 mag 'n student wat ná benutting van alle gewone eksamengeleenthede alle modules wat vir 'n kwalifikasie vereis word, behalwe een, geslaag het, by die betrokke dekaan aansoek doen om 'n finale assessoringsgeleentheid in die uitstaande module, met dien verstande dat die student in daardie akademiese jaar vir die betrokke module geregistreer was en 'n deelnamepunt behaal het wat hom/haar tot die eksamen toegelaat het. Ten einde 'n module te slaag, moet aan die betrokke eksamensubminimum voldoen word asook 'n modulepunt van ten minste 50% behaal word.
- f) Algemene Reël 2.5.2 reël die vereistes om 'n module / kurrikulum / kwalifikasie met onderskeiding te slaag. Die fakulteitsreël bepaal dat indien die gemiddelde punt na berekening op 74% staan, die punt op grond van meriete na 75% gekondoneer kan word.

G.1.2.21 Toegang tot gemerkte eksamenwerk

- a) 'n Student mag by die skooldirekteur amptelik aansoek doen om insae in die antwoordstel asook die memorandum te verkry (Algemene Reël 2.4.9).
- b) Versoeke word op die volgende voorwaardes toegestaan:
 - i) die student mag die antwoordstel in die teenwoordigheid van die betrokke dosent en die vakvoorsitter sien;
 - ii) die dosent kan die probleemareas vir die student uitlig;
 - iii) optelfoute sal bygereken word en vrae wat moontlik per abuis nie nagesien is nie sal nagesien en bygereken word;
 - iv) geen antwoordstelle word hermerk nie;
 - v) die student mag steeds van die tweede eksamengeleenthed gebruik maak al is toegang tot gemerkte eksamenwerk verleen; en
 - vi) aansoek om insae in antwoordstelle te verkry moet binne 'n maksimum tydperk van 5 werksdae nadat punte beskikbaar gemaak is, gedoen word.

G.1.2.22 Herhaling van modules

- a) Indien 'n student die eksamen in 'n bepaalde module druiп, word die module volledig herhaal, behoudens moontlike uitsonderings waarvoor die Algemene Reël 2.4.5 en die fakultetsreëls voorsiening maak.
- b) Indien 'n module gedruip is, moet die student weer vir die betrokke module registreer en 'n nuwe deelnamepunt opbou. Deelnamepunte / deelname-bewyse word nie van een jaar na 'n volgende jaar oorgedra nie.
- c) Praktiese vrystelling sal op grond van meriete oorweeg word (Algemene Reël 2.3.2.5).
- d) Fakulteit Gesondheidswetenskappe is nie ten gunste van klasvrystelling nie. Algemene Reël 2.3.2.6 sal slegs op grond van meriete oorweeg word.
- e) In die geval waar studente in 'n bepaalde jaarvlak van 'n kurrikulum een of meer modules uit een of meer vorige jaarvlakke van 'n kurrikulum moet herhaal, geld die volgende:
 - i) die totale kredietpunte van die modules wat 'n student, wat ook modules moet herhaal, in enige semester op enige jaarvlak mag neem, word beperk in ooreenstemming met die Algemene Reëls 2.3.4.3 en 2.3.4.4;
 - ii) die fakulteit kan nie onderneem dat modules wat herhaal moet word saam met die ander modules wat geneem moet word, op die rooster sal inpas nie;
 - iii) roosterbotsings wat ontstaan as gevolg van modules wat herhaal moet word, sal tot gevolg hê dat die student daardie modules in 'n latere jaar moet neem;
 - iv) indien 'n student modules van 'n bepaalde jaarvlak van die kurrikulum waarvoor hy/sy ingeskryf is, nie in die minimum voorgeskrewe studietylperk voltooi het nie en die modules van die betrokke jaarvlak van dié kurrikulum is intussen gewysig, mag die dekaan beslis dat die student die betrokke jaarvlak moet voltooi soos gepubliseer in die jongste uitgawe van die jaarboek. Dit kom daarop neer dat indien die student 'n module moet herhaal wat intussen in die kurrikulum deur 'n ander module vervang is, die dekaan mag beslis dat die student laasgenoemde module moet neem.

G.1.2.23 Onbevredigende akademiese vordering

- 'n Student kan formele waarskuwingsbriewe ontvang indien akademiese prestasie onbevredigend is (Algemene Reël 2.4.7).

G.1.2.24 Beëindiging van studies

Die studie van 'n student kan beëindig word op grond van Algemene Reël 2.4.8.

G.1.2.25 Ander fakulteitsreëls

Ander spesifieke fakulteitsreëls wat slegs op 'n betrokke program of kurrikulum van toepassing is, word by daardie program in die jaarboek aangedui.

G.1.2.25.1 Werkgeïntegreerde leer

Werkgeïntegreerde leer vereis addisionele koste wat self deur studente gedra moet word. Die kostes is nie by klasgelde ingerekend nie.

G.1.2.25.2 Immunisering

Sommige programme vereis dat studente self voorsorg rakende immunisering moet tref. Die kostes is nie by klasgelde ingerekend nie.

G.1.2.25.3 Vervoer

Met die oog op praktiese werk veral in die professionele rigtings, word daar sterk aanbeveel dat die student oor 'n bestuurderslisensie sal beskik. Die Universiteit kan veral nie waarborg dat daar 'n plasing vir byvoorbeeld die mini-internskap waarvan toepassing in die onderskeie programme gevind sal kan word vir studente wat nie aan hierdie verwagting voldoen nie.

G.1.2.25.4 Registrasie by Statutêre Rade

Inligting rakende vereiste registrasie by die onderskeie Statutêre Rade word by die betrokke programme in die jaarboek aangedui.

G.1.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid bereik is, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittreeuitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

Die proses vir erkenning van vorige leer is in Algemene Reël 1.1.1 gestel.

G.1.4 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit regstreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleenthed om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleenthed. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van die toetsuitslag te vergewis, en vir die korrekte module in die korrekte semester te regstreer.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] regstreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gerekon.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druijp en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druijp, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111/AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit regstreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student regstreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is.
- f) AGLA/E121 bestaan uit drie vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid, Rekenaar- en Inligtingvaardighede en Leesvaardigheid. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings. Die student moet al drie afdelings binne die semester waarin hy/sy vir die module geregistreer het, slaag om die module te kan slaag.
- g) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gedruip het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- h) Studente wat reeds 'n module [s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgelê het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk aansoek om erkenning daarvan doen.

G.1.5 REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS)

Vir volledige reëls raadpleeg die Jaarboek van Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

Die NGOS dien as 'n verdere professionele kwalifikasie vir kandidate wat 'n 360- of 480-krediet Baccalaureusgraad voltooi het en tot die onderwysprofessie wil toetree. Met hierdie sertifikaat mag 'n onderwyser vanaf Graad 7 tot 12 onderrig gee.

Duur van studie

Die minimumduur van die studie is een (1) jaar en die maksimumduur is twee (2) jaar.

TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

- a) 'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal uit 360 krediete bestaan en wat minstens **twee** erkende skoolvakke insluit soos aangedui.
- b) Studente moet ook in staat wees om twee (2) metodiese te kan neem ten einde die kwalifikasie te verwerf. Die samestelling in die graadkursus moet die volgende wees: ('n Erkende skoolvak is 'n vak wat in die amptelike lys van skoolvakke van die Departement van Basiese Onderwys opgeneem is.)
 - i) Erkende skoolvak/leerarea opvlak 3 + erkende skoolvak/leerarea opvlak 2;
 - ii) In die geval van 'n keuse tussen metodiek van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die student die twee neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is.

Uitsonderings:

- c) 'n Student wat **Lewenswetenskappe** as metodiek wil neem moet een van **Plantkunde, Dierkunde of Fisiologie** op graadvlak 3 het en 'n ander op vlak 1 OF twee van die drie vakke op vlak 2 vir toelating tot die NGOS aanbied.
- d) 'n Student wat **Fisiесewetenskap** as metodiek wil neem moet een van Chemie of Fisika op graadvlak 3 vir toelating tot die NGOS aanbied en die ander ten minste op graadvlak 1. As alternatief kan Chemie en Fisika beide op graadvlak 2 vir toelating aangebied word.
- e) 'n Student wat die metodiek van **Wiskunde** wil neem, moet Wiskunde op vlak 2 geslaag het, andersins kan Wiskunde op vlak 1 saam met een van die volgende op vlak 2 aangebied word: Statistiek, Wiskundige Statistiek, Toegepaste Wiskunde, Finansiële Wiskunde.
- f) 'n Student wat die Metodiek van **Lewensorientering** wil neem, moet **Sielkunde** en een van die volgende vakke op graadvlak geneem het: Sosiologie, Politieke Studies, Menslike Bewegingskunde, Arbeid -en Industriële studies, Menseregte, Etiel en Voeding. Die student moet dan steeds ook 'n tweede skoolvak op graadvlak geneem het vir die tweede metodiek.
- g) 'n Student wat die Metodiek van enige **taal** wil neem, moet dit ten minste op graadvlak 3 geslaag het.
- h) Studente wat nog nie hulle eerste graad voltooi het nie, kan by uitsondering toegelaat word. Studente moet spesial daarvoor aansoek doen by die Direkteur. (Sien G.1.2.8 van hierdie jaarboek wat betref die fakultetsreëls vir Fakulteit Gesondheidswetenskappe).

G.1.6 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit).

G.1.6.1 Akademiese wangedrag

Akademiese wangedrag sluit plagiaat en akademiese oneerlikheid (afskryf tydens eksamens) in. Oneerlike akademiese optrede is 'n ernstige oortreding, ongeag of dit mondeling, deur optrede of op skrif plaasvind, tydens eksamens of in die konteks van ander vorms van evaluering soos opdragte, tesisse, verslae en publikasies. Die beleid van die Universiteit is dat geen vorm van akademiese oneerlikheid verdra sal word nie en indien enige sodanige optrede aangemeld of waargeneem word en die oortreder skuldig bevind word, sal hy of sy ingevalle die Universiteit se dissiplinêre beleide, reëls en prosedures gestraf word. Daar is dus twee oorhoofse tipes akademiese wangedrag, nl.:

G.1.6.2 Plagiaat¹

Plagiaat is die woord wat toegewys word aan 'n spesifieke soort akademiese oneerlikheid – die herhaling van iemand anders se woorde, of selfs die aanbied van iemand anders se gedagtegang asof dit jou eie is. Tradisioneel word plagiaat omskryf as die neem van woorde, beelde, idees, ens. van 'n skrywer en die aanbieding daarvan as jou eie. Dit kan op 'n verskeidenheid maniere manifesteer en word nie tot studente se geskrifte of gepubliseerde artikels of boeke beperk nie. Die knip en plak vanaf webblaai word in hoër onderwys op sigself as plagiaat beskou indien die webblaai nie behoorlik erken en aangehaal word nie. Wat ookal die bron van die materiaal of die beoogde uitkoms, plagiaat is kullery en onaanvaarbaar.

Wat nou as jy groot stukke werk kopieer EN aanhalingstekens gebruik met akkurate verwysings, asook jou eie mening daarvan koppel? Kan jy dit as "eie" werk beskou? Op die vlak van hoër onderwys word daar van jou verwag om jou eie stem en menings te ontwikkel en op ander mense se werk voort te bou, eerder as om daaragter te skuil. Dit sou dus as swak akademiese praktyk beskou word, maar nie as plagiaat nie.

Maak seker dat jy die definisie van plagiaat ten volle begryp en dat jy vertroud is met beleide en regulasies wat op plagiaat betrekking het. Hoewel plagiaat 'n ernstige akademiese oortreding is, is jy op die regte spoor as jy duidelik, versigtig en eerlik is. Moenie dat vrees vir plagiaat voorkom dat jy die ryk hulpronne wat beskikbaar is ten volle benut nie. Turnitin.com en Research Resources verskaf 'n kontrolelys om plagiaat te vermy.

Leer hoe om in die styl van jou dissipline te skryf. Jou skryfwerk moet JOU skryfwerk wees.

Leer om krities en onafhanklik te dink. Lesers stel in jou begrip van 'n idee belang. Skryf is 'n waardevolle oefening wat jou vermoë toets om 'n onderwerp te verduidelik. Dit is 'n belangrike deel van leer.

Gee altyd die nodige erkenning vir elke verwysings wat jy in jou skryfwerk gebruik. Enige eties verantwoordelike skrywer erken altyd die bydraes van ander en die bron van sy/haar idees.

Enige verbatim teks van 'n ander skrywer wat gebruik word, moet tussen aanhalingstekens geplaas en akkuraat aangehaal word.

Wanneer jy ander se werk parafraseer en/of opsom, gee die presiese betekenis van die ander skrywer se idees of feite in jou eie woorde en sinstruktuur weer.

Verantwoordelike skrywers het 'n etiese verantwoordelikheid teenoor lesers en die skrywers van wie hulle leen om ander se idees en woorde te respekteer en erkenning te gee aan diegene van wie hulle leen – en om waar moontlik hulle eie woorde te gebruik wanneer hulle parafraseer.

Dit is NIE 'n verskoning dat jy nie BEDOEL het om plagiaat te pleeg, of nie GEWEET het jy doen dit nie.

G.1.6.3 Akademiese oneerlikheid (Afskryf tydens assessoringsgeleenthede soos toets- en eksamengeleenthede)

Die inneem van notas (in geskrewe sowel as elektroniese formaat) na 'n toets- of eksamenlokaal (doelbewus of onbewustelik) is 'n oortreding geklassifiseer onder akademiese wangedrag. Jy mag geen notas van enige hulpmiddels (selfone en elektroniese media ingesluit) in die toetslokaal inneem nie, behalwe dit wat uitdruklik en duidelik volgens die ekamenvoorskrifte toegelaat word (bv. 'n wiskundige sakrekenaar), en deur die

¹ Die skrywer erken met dank die werk van die UK Centre for legal education, Pauline Ridley, University of Brighton, en die Universiteit van Pretoria se Plagiarism Prevention Policy oor die onderwerp van akademiese plagiaat.

eksamenafdeling skriftelik aan die toesighouer as opdrag gegee is. Maak dus seker voordat jy 'n toets of eksamen skryf, dat jy nie enige notas in jou besit het nie. Onkunde is nie 'n verskoning nie. Selfs al het jy nie die hulpmiddel(s) gebruik nie, word die besit daarvan tydens assessering in 'n ernstige lig gesien en sal daar teen jou opgetree word. Betree dus die toetslokaal met slegs die nodige en toelaatbare hulpmiddels, soos genoeg penne, potlood, uitveer, deursigtige (transparent) liniaal, sakrekenaar en plaas alles in 'n deursigtige (transparent) plastieksakkie.

G.1.6.4 Straf vir oortredings, wat nie net beperk is tot die twee gevalle wat hierbo bespreek is nie, mag een of 'n kombinasie van die volgende insluit

- uitsetting uit die Universiteit, met of sonder kennisgewing aan alle of spesifieke hoëronderwysinstellings en toepaslike beroeps- en professionele liggame;
- skorsing uit die Universiteit vir 'n tydperk, onderworpe aan die voorwaardes wat geregtig word op opvoedkundige gronde en aanvaarbaar is binne die institusionele kultuur van die Universiteit;
- permanente uitsetting/skorsing uit 'n koshuis, of weiering van toegang tot alle of sommige geboue, grond of dienste van die Universiteit of toelating slegs op spesifieke voorwaardes;
- opskorting van bywoning van klasse vir 'n bepaalde tydperk, in die geheel OF slegs met betrekking tot spesifieke kursuseenhede (modules);
- weiering van toelating tot enige eksamen of toetsgeleenheid, wat insluit die verbeuring van enige punte wat reeds verwerf is en die kansrellering van enige module;
- oplegging van 'n boete, wat nie meer mag wees as die gelde betaalbaar deur die student vir die betrokke jaar nie;
- weiering van toelating tot die Universiteit vir 'n bepaalde tydperk, met of sonder kennisgewing aan alle of sommige hoëronderwysinstellings
- opheffing van spesifieke voorregte as 'n student, met of sonder voorwaardes wat geregtig is op opvoedkundige gronde en aanvaarbaar is binne die institusionele kultuur van die Universiteit;
- oplegging van enige ander straf, kombinasie van strawwe of opgeskorte straf, wat vanuit 'n opvoedkundige oogpunt en in ooreenstemming met die institusionele kultuur van die Universiteit, onder die omstandighede redelik en regverdig is, of
- 'n ernstige aanmaning en waarskuwing.

G.2 REËLS VIR DIE DIPLOMA IN SPORTKUNDE

G.2.1 KWALIFIKASIE- EN PROGRAMKODE: 832 100 (VOLTYDS)

Hierdie diploma word voltyds by die Potchefstroom-, Vaaldrifhoek- en Mafikengkampus aangebied met spesialisering in verskeie sportsoorte.

G.2.2 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maksumum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietylperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

G.2.3 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2) en verdere toepaslike bepalings in die Inleidende reël G.1.2.1, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- a) die student moet in besit wees van 'n Nasionale Senior Sertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad;
- b) 'n APS-telling van 16 is 'n vereiste vir die diploma;
- c) toelating tot die kursusprogram is aan voorafkeuring onderworpe wat deur die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap in samehang met die toepaslike gespesialiseerde sportinstituut akademies gehanteer word.

*Inligting is onderhewig aan verandering

G.2.4 FAKULTEITSPECifieKE TOELATINGSVEREISTES

'n Student wat vir die Diploma in Sportkunde wil registreer, moet vooraf sy/haar mediese gesiktheid daartoe laat vasstel.

G.2.5 PROGRAM: SPORTKUNDE

Na voltooiing van die sportkundeprogram behoort studente kundigheid, vaardigheid, waarde en toegepaste bevoegdheid in verskeie aspekte van een spesifieke sport in 'n goedgedefinieerde en omlyne probleemoplossing en eksemplariese praktykgerigte scenario's of gevallenstudies te kan demonstreer en dit met die nodige teorieë en literatuurnavorsing te kan begrond.

G.2.5.1 Kurrikulum: Sportkunde

G.2.5.1.1 Kurrikulumuitkomste

Die doel van hierdie kurrikulum is om die student toe te rus met die nodige wetenskaplike kennis en spesifieke vaardighede, bevoegdhede, houdings en etiese ingesteldheid vir bepaalde beroepe binne die sportindustrie. Dit sal hulle in staat stel om persoonlik te groei, kritis te kan dink, ekonomies selfstandig te kan praktiseer in hul areas van bevoegdheide en deur hul werk by te dra tot die ontwikkeling van die verskillende fasette van sport in 'n kultuur-diverse gemeenskap. Die kurrikulum is spesifiek ontwikkel om studente voor te berei en toe te rus vir verskillende loopbane in die rugbyindustrie, dog het dit ook toepassingswaarde vir sommige loopbane in breër konteks van sport.

G.2.5.1.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) 'n Student moet eers die voorafgaande jaarvlak se module in MBXR geslaag het voordat hy/sy kan registreer vir die daaropvolgende jaarvlak se module.
- b) Indien 'n student die kursus vóór die voltooiing van die diploma verlaat, kan 'n toepaslike sertifikaat vir die suksesvolle voltooide uitkomste uitgereik word.

G.2.5.1.3 Samestelling van kurrikulum: Sportkunde

Kwalifikasie- en programkode: 832 100; **Kurrikulumkode:** G101P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK216	X	8	MBWK218	X	8
MBWK112	X	12	MBXG114	X	8	MBXR217	X	8
MBXR112	H	12	MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	X	8	MBXR218	H	16
MBXR114	X	12	MBXR214	X	8	MBXR219	X	8
			MBXR216	H	16			
Totaal 1^{ste} semester		36	Totaal 1^{ste} semester		48	Totaal 1^{ste} semester		40
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK223	X	8	MBWK226	X	8
MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124	H	12	MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225	H	16	MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324	H	32
MBXK124	X	12	MBXG221 OF MBXH221	X	8			
PSYC121	X	12	WVGW221	X	12			
Totaal 2^{de} semester		48	Totaal 2^{de} semester		44	Totaal 2^{de} semester		40
Totaal Jaarvlak 1		84	Totaal Jaarvlak 2		92	Totaal Jaarvlak 3		80
Krediettotaal van die kurrikulum								256

G.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in reël G.1.9 beskryf word en kan voltyds geneem word.

G.3.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van drie (3) jaar** en 'n **maaksimum van vier (4) jaar**.

Verlenging van die studietylperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reël 2.4.6.

G.3.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reëls 1.2.2, 1.2.3 en 2.2 en verdere toepaslike bepalings in die Inleidende reël G.1.2.1.

- a) Universiteitstoelating.
- b) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.
Die vereiste APS-telling word by die onderskeie programme hieronder aangedui.
- c) **Taalvereiste:** 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addissionele Taalvlak.
- d) Voornemende studente is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Die beste gemiddelde punt word bereken.

*Inligting is onderhewig aan verandering

G.3.3 FAKULTEITSPESIFIKE TOELATINGSVEREISTES

'n Student moet oor 'n volle Matrikulasievrystellingsertifikaat beskik en 'n gemiddelde slaagsyfer van minstens 60% vir die matriekeksamen behaal het.

G.3.4 PROGRAM: GESONDHEIDSWETENSKAPPE

G.3.4.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 167

Na voltooiing van die program behoort die student:

- a) afgeronde en sistematiese kennis en vaardighede van menslike bewegingskunde of rekreasielkunde te integreer met die beginsels van of psigologie of toerismebestuur wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevallestudies en praktykerige scenario's;
- b) individueel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
 - i) dit teoreties te kan fundeer;
 - ii) dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.

- c) te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld- en mensebeskouing en 'n gevestigde waardesisteem.

G.3.4.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 22

G.3.4.3 Fakulteitspesifieke vereistes

- a) Studente wat Menslike Bewegingskunde as hoofvak neem, moet vooraf sy/haar mediese geskiktheid vir die kursus laat bepaal.
- b) Studente wat aansoek om keuring vir Honneurs in Kinderkinetika wil doen, moet in hulle tweedejaar vir MBXS211 en MBXG221 regstreer.
- c) Studente mag nie regstreer vir MBWK315 indien 'n minimum van 40% vir MBWK225 behaal is nie.

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

G.3.4.4 Kurrikulum: Menslike Bewegingskunde en Psigologie

G.3.4.4.1 Kurrikulumuitkomste

Na die voltooiing van die kurrikulum behoort studente:

- kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met die psigologiese beginsels wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevallestudies en praktykgerigte scenario's;
- individueel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
 - ★ dit teoreties te kan fundeer
 - ★ dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore.
- te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld- en mensbeskouing en 'n gevestigde waardesisteem.

G.3.4.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in enige van die spesialiseringstings: Biokinetika, Sportwetenskap, Kinderkinetika of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.3.4.4.3 Samestelling van kurrikulum: Menslike Bewegingskunde en Psigologie
Kwalifikasie- en programkode: 100 167; **Kurrikulumkode:** G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK216	H	8	MBWK315	H	16
FLGX114	X	12	MBWK217	H	8	MBWK316	H	16
MBWA112	H	12	MBWK219	H	8	PSYC311	H	16
MBWK112	H	12	Kies EEN (1): MBXA211 MBXN211 MBXS211 MBXT211	X	8	PSYC312	H	16
MBWK114	H	12	PSYC211	H	16	WVES311	X	12
PSYC111	H	12	PSYC212	H	16			
Totaal 1 ^{ste} semester		60	Totaal 1 ^{ste} semester		64	Totaal 1 ^{ste} semester		76
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK223	H	8	MBWK324	H	16
FLGX124	X	12	MBWK225	H	8	MBWK325	H	16
MBWA122	H	12	MBWK226	H	8	PSYC321	H	16
MBXK124	X	12	Kies EEN (1): MBXG221 MBXH221 MBXK221 MBXR221	X	8	PSYC322	H	16
PSYC121	H	12	PSYC221	H	16			
			WVGW221	X	12			
Totaal 2 ^{de} semester		60	Totaal 2 ^{de} semester		60	Totaal 2 ^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		120	Totaal Jaarvlak 2		124	Totaal Jaarvlak 3		140
Kredittotaal van die kurrikulum								384

G.3.4.5 Kurrikulum: Rekreasiekunde en Psigologie

G.3.4.5.1 Kurrikulumuitkomste

Na die voltooiing van die kurrikulum behoort studente:

Kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met tersaaklike teoretiese kundigheid (modelle, teorieë, ens) te kombineer om vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van avontuurterapie in geïntegreerde projekte (gevallestudies / scenario's – probleme op te los) en gemeenskapsbetrokkenheid, toegevoegde bevoegdhede te kan demonstreer.

G.3.4.5.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.

- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Rekreasiekunde of Psigologie en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.3.4.5.3 Samestelling van kurrikulum: Rekreasiekunde en Psigologie

Kwalifikasie- en programkode: 100 167; Kurrikulumkode: G302P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK218	X	8	PSYC311	H	16
BMAN111	X	12	PSYC211	H	16	PSYC312	H	16
BSWG112	X	12	PSYC212	H	16	RKKX314	H	16
MBWK112	X	12	RKKX214	H	16	RKKX315	H	16
MBWK114	X	12				WVES311	X	12
PSYC111	H	12						
RKKX113	H	12						
Totaal 1 ^{ste} semester		72	Totaal 1 ^{ste} semester		56	Totaal 1 ^{ste} semester		76
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK226	X	8	PSYC321	H	16
BSWG121	X	12	PSYC221	H	16	PSYC322	H	16
KCOM122	X	12	RKKX224	H	16	RKKX324	H	16
PSYC121	H	12	WVGW221	X	12	RKKX325	H	16
RKKX123	H	12						
Totaal 2 ^{de} semester		60	Totaal 2 ^{de} semester		52	Totaal 2 ^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		108	Totaal Jaarvlak 3		140
Kredittotaal van die kurrikulum								380

G.3.4.6 Kurrikulum: Rekreasiekunde en Toerismebestuur

G.3.4.6.1 Kurrikulumuitkomste

Na die voltooiing van die kurrikulum behoort studente:

Kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met tersaaklike teoretiese kundigheid (modelle, teorieë, ens) te kombineer om vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van avontuurterapie in geïntegreerde projekte (gevallestudies / scenario's – probleme op te los) en gemeenskapsbetrokkenheid, toegevoegd bevoegdhede te kan demonstreer.

G.3.4.6.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Rekreasiekunde of Toerismebestuur en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.3.4.6.3 Samestelling van kurrikulum: Rekreasiekunde en Toerismebestuur
Kwalifikasie- en programkode: 100 167; **Kurrikulumkode:** G303P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	MBWK218	X	8	RKKX314	H	16
KCOM112	X	12	PSYC211	X	16	RKKX315	H	16
MBWK114	X	12	RKKX214	H	16	TMBP311 OF TMBP312	H	16
PSYC111	X	12	TMBP211	H	16	WVES311	X	12
RKKX113	H	12						
TMBP111	H	12						
Totaal 1^{ste} semester		60	Totaal 1^{ste} semester		56	Totaal 1^{ste} semester		60
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	MBWK226	X	8	MBWK324	H	16
BMAN121	X	12	RKKX224	H	16	RKKX324	H	16
KCOM122	X	12	TMBP221	H	16	RKKX325	H	16
PSYC121	X	12	WVGW221	X	12	TMBP321 OF TMBP322	H	16
RKKX123	H	12						
TMBP121	H	12						
Totaal 2^{de} semester		72	Totaal 2^{de} semester		52	Totaal 2^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		108	Totaal Jaarvlak 3		124
Krediettotaal van die kurrikulum								364

G.3.5 PROGRAM: PSIGOLOGIE EN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

G.3.5.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 169

Na voltooiing van die program Psigologie en Afrikaans en Nederlands behoort die student:

- afgeronde en sistematiese kennis, vaardighede, bevoegdhede en waardes van/in Psigologie, geïntegreerd met die teorieë, beginsels, prosesse en tegnieke van die tweede hoofvak te kan demonstreer;
- bevoeg wees om probleme in praktykerige gesondheidsituasies te identifiseer, ontleed, voorkom en oplos binne die aanvaarde waardes en etiese raamwerk van die Psigologie en te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêrelde- en mensebeskouing en 'n gevinstigde teoretiese en waardesistuum;
- individueel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
 - dit teoreties te kan fundeer;
 - dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.

G.3.5.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 22

G.3.5.3 Fakulteitspesifieke vereistes

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

G.3.5.4 Kurrikulum: Psigologie en Afrikaans en Nederlands

G.3.5.4.1 Kurrikulumuitkomste

Om studente die geleentheid te bied tot die verwerving van graadvlakvaardigheid en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en om hulle bewus te maak van die toegevoegde waarde wat taal- en literatuurstudie kan inhoud vir die beroepswêreld.

G.3.5.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Psigologie of Afrikaans en Nederlands en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.3.5.4.3 Samestelling van kurrikulum: Psigologie en Afrikaans en Nederlands

Kwalifikasie- en programkode: 100 169; Kurrikulumkode: G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	AFLL211	H	16	AFLL311	H	32
AFLL111	H	12	PSYC211	H	16	PSYC311	H	16
KCOM112	X	12	PSYC212	H	16	PSYC312	H	16
Kies TWEE (2): ATSN111 ENLL111 LPRA111 SKRK111	X + 12		Kies EEN (1): ATSN211 ENLL211 SKRK211	X	16			
PSYC111	H	12						
Totaal 1 ^{ste} semester		60	Totaal 1 ^{ste} semester		64	Totaal 1 ^{ste} semester		64
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	AFLL222	H	16	AFLL321	H	32
AFLL121	H	12	PSYC221	H	16	PSYC321	H	16
KCOM122	X	12	WVGW221	X	12	PSYC322	H	16
Kies TWEE (2): ATSN121 ENLL121 LPRA121 SKRK121	X + 12		Kies EEN (1): ATSN221 ENLL221 SKRK221	X	16			
PSYC121	H	12						
Totaal 2 ^{de} semester		72	Totaal 2 ^{de} semester		60	Totaal 2 ^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		124	Totaal Jaarvlak 3		128
Krediettotaal van die kurrikulum								384

G.3.6 PROGRAM: PSICOLOGIE EN ARBEIDSVERHOUDINGE

G.3.6.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 170

Na voltooiing van die program Psigologie en Arbeidsverhoudinge behoort die student:

- a) afgeronde en sistematiese kennis, vaardighede, bevoegdhede en waardes van/in Psigologie, geïntegreerd met die teorieë, beginsels, prosesse en tegnieke van die tweede hoofvak te kan demonstreer;
- b) bevoeg wees om probleme in praktykgerigte gesondheidsituasies te identifiseer, ontleed, voorkom en oplos binne die aanvaarde waardes en etiese raamwerk van die Psigologie en te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêrelde- en mensebeskouing en 'n gevinstigde teoretiese en waardesisteme;
- c) individueel of in groepe bewysgedrewre interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
 - i) dit teoreties te kan fundeer;
 - ii) dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.

G.3.6.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 22

G.3.6.3 Fakulteitspesifieke vereistes

Alhoewel hierdie program studente die geleentheid bied tot aansoek om toelating tot die Honneurs in Arbeidsverhoudinge (Bedryfsosiologie) (aansoekers word aan 'n keuringsproses onderwerp), moet sodanige kandidate tydens hulle voorgraadse studiejare die volgende addisionele modules slaag: IOPS211, IOPS311, IOPS321, STTN111.

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

G.3.6.4 Kurrikulum: Psigologie en Arbeidsverhoudinge

G.3.6.4.1 Kurrikulumuitkomste

Die bevordering van kritiese en kreatiewe denke en gebruik van die wetenskap en tegnologie om die student te bemagtig met die tersaaklike teoretiese kundigheid en praktiese vaardighede om die arbeidsmag en entrepreneur of werknemer van organisasies op die terrein van Arbeidsverhoudinge en Psigologie te betree.

G.3.6.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Psigologie of Arbeidsverhoudinge en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.3.6.4.3 Samestelling van kurrikulum: Psigologie en Arbeidsverhoudinge
Kwalifikasie- en programkode: 100 170; **Kurrikulumkode:** G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	IOPS211	X	16	LARM311	H	16
BMAN111	X	12	LARM211	H	16	PSYC311	H	16
KCOM112	X	12	PSYC211	H	16	PSYC312	H	16
LARM111	H	12	PSYC212	H	16			
PSYC111	H	12						
PUMA112	X	12						
Totaal 1^{ste} semester		60	Totaal 1^{ste} semester		64	Totaal 1^{ste} semester		48
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	IURI222	X	12	LARM321	H	16
BMAN121	X	12	LARM221	H	16	LARM322	H	16
IOPS121	H	12	PSYC221	H	16	PSYC321	H	16
KCOM122	X	12	WVGW221	X	12	PSYC322	H	16
PSYC121	H	12						
PUMA122	X	12						
Totaal 2^{de} semester		72	Totaal 2^{de} semester		56	Totaal 2^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		120	Totaal Jaarvlak 3		112
Kredittotaal van die kurrikulum								364

G.3.7 PROGRAM: PSIGOLOGIE EN ENGELS

G.3.7.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 171

Na voltooiing van die program Psigologie en Engels behoort die student:

- afgeronde en sistematiese kennis, vaardighede, bevoegdhede en waardes van/in Psigologie, geïntegreerd met die teorieë, beginsels, prosesse en tegnieke van die tweede hoofvak te kan demonstreer;
- bevoeg wees om probleme in praktykgerigte gesondheidsituasies te identifiseer, ontleed, voorkom en oplos binne die aanvaarde waardes en etiese raamwerk van die Psigologie en te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêrelde- en mensebeskouing en 'n gevinstigde teoretiese en waardesisteem;
- individueel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analyse, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
 - dit teoreties te kan funder;
 - dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.

G.3.7.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 22

G.3.7.3 Fakulteitspesifieke vereistes

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

G.3.7.4 Kurrikulum: Psigologie en Engels

G.3.7.4.1 Kurrikulumuitkomste

Om studente die geleentheid te bied tot die verwerwing van graadvlakvaardigheid en toegepaste vaardighede in die veld van Psigologie en om hulle bewus te maak van die toegevoegde waarde wat taal- en literatuurstudie kan inhoud vir die beroepswêreld.

G.3.7.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys G.13 voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- Suksesvolle voltooiing van die graad Baccalaureus Artium verleen toegang tot die Honneursgraad in Psigologie of Engels en is onderhewig aan 'n keuringsproses asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.3.7.4.3 Samestelling van kurrikulum: Psigologie en Engels

Kwalifikasie- en programkode: 100 171; Kurrikulumkode: G301P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E111#	A	-	ENLL211	H	16	ENLL311	H	32
ENLL111	H	12	PSYC211	H	16	PSYC311	H	16
KCOM112	X	12	PSYC212	H	16	PSYC312	H	16
Kies TWEE (2): AFLL111 ATSN111 LPRA111 SKRK111	X	12 + 12	Kies EEN (1): AFLL211 ATSN211 SKRK211	X	16			
PSYC111	H	12						
Totaal 1 ^{ste} semester		60	Totaal 1 ^{ste} semester		64	Totaal 1 ^{ste} semester		64
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr	Modulekode	Kern	Kr
AGLA/E121	X	12	ENLL221	H	16	ENLL321	H	32
ENLL121	H	12	PSYC221	H	16	PSYC321	H	16
KCOM122	X	12	WVGW221	X	12	PSYC322	H	16
Kies TWEE (2): AFLL121 ATSN121 LPRA121 SKRK121	X	12 + 12	Kies EEN (1): AFLL222 ATSN221 SKRK221	X	16			
PSYC121	H	12						
Totaal 2 ^{de} semester		72	Totaal 2 ^{de} semester		60	Totaal 2 ^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		124	Totaal Jaarvlak 3		128
Krediettotaal van die kurrikulum								384

G.3.8 PROGRAM: PSIGOLOGIE EN GEOGRAFIE EN OMGEWINGSTUDIE

G.3.8.1 Kwalifikasie- en programkode: 100 172

Na voltooiing van die program Psigologie en Geografie en Omgewingstudie behoort die student:

- a) afgeronde en sistematiese kennis, vaardighede, bevoegdhede en waardes van/in Psigologie, geïntegreerd met die teorieë, beginsels, prosesse en tegnieke van die tweede hoofvak te kan demonstreer;
- b) bevoeg wees om probleme in praktykgerigte gesondheidsituasies te identifiseer, ontleed, voorkom en oplos binne die aanvaarde waardes en etiese raamwerk van die Psigologie en te kan demonstreer dat in die bereiking van die uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêrelde- en mensebeskouing en 'n gevinstigde teoretiese en waardesisteem;
- c) individueel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analyse, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur:
 - i) dit teoreties te kan funder;
 - ii) dit met behulp van IT skriftelik en mondeling aan leke en professionele gehore te kan kommunikeer.

G.3.8.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 22

G.3.8.3 Fakulteitspesifieke vereistes

Vergelyk G.1 van hierdie jaarboek.

G.3.8.4 Kurrikulum: Psigologie en Geografie en Omgewingstudie

G.3.8.4.1 Kurrikulumuitkomste

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum sal die student in staat wees om:

- a) as onderwyser in Geografie en Voorligting te praktiseer na voltooiing van 'n nagraadse kwalifikasie, en
- b) in die veld van Omgewingsbestuur, veral op die terrein van openbare deelname en sosiale invloedstudies, te kan praktiseer.

G.3.8.4.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

<ul style="list-style-type: none"> die rol van Adenosientrifosfaat (ATP), energie bronne en metaboliese tempo te kan bespreek; diagramme en skematiese voorstellings van die belangrikste metaboliese weë soos glikogenese, glikogenolise, glukose, Krebs-siklus en oksidatiewe fosforilering kan teken en verduidelik; 				

- oor aspekte van koolhidraat-, lipied- en protein-metabolisme kan kommunikeer;
- die eienskappe, oorsake en gevolge van metaboliese afwykings soos ketose en aterosklerose te kan bespreek.

Metode van afluwing: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1 x 2 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX312	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 8
-------------------------------	-------------------	--

Titel: Uitskeiding

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die fisiologiese anatomie van die nier te bespreek, kennis hê van die prosesse van urienvorming, die mikturisie refleks asook die samestelling van urine;
- kennis te hê van die niere se rol in die handhawing van suur-basis ewewig (alkalose en asidose) in die liggaam, sowel as die handhawing van homeostase in die algemeen en hierdie kennis kan toepas om die rol van die nier in verskillende fisiologiese beheerprosesse te kan verduidelik;
- ingelig te wees oor die rol wat die vel in sekretoriiese funksies en homeostase speel.

Metode van afluwing: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1 x 2 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX313	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 8
-------------------------------	-------------------	--

Titel: Respirasie

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die rol van die longe in die handhawing van die interne omgewing van individuele selle en die liggaam verstaan;
- ventilasie van die longe te verstaan waar suurstof na die alveoli beweeg en koolsuurgas as metaboliese afvalproduk verwyder word;
- kennis te hê van die uitruil van suurstof en koolsuurgas deur passiewe diffusie in die alveoli asook in die weefsel;
- die struktuur van hemoglobien, en die rol van hemoglobien in die transport van suurstof en koolsuurgas in die bloed te kan beskryf;
- van die kardiovaskulêre sisteem se rol moet kennis geneem word in die transport van die asemhalingsgasse na en van die weefsel;
- kennis te hê van hoe beheer van asemhaling plaasvind en hoe siektetoestande die respirasie sisteem beïnvloed;
- kennis hê van die long as teikenorgaan vir atmosferiese besoedelingstowwe.

Metode van afluwing: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1 x 2 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX314	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
-------------------------------	-------------------	---

Titel: Kardiovaskulêre Fisiologie

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- wetenskaplike kennis en insig te demonstreer in die mekanismes, funksies, fisiese eienskappe en geïntegreerde beheer van die kardiovaskulêre stelsel;
- die ontstaan van 'n elektriese impuls en die geleiding daarvan oor die hart te begryp en kan toepas;
- die gebeure tydens die kardiale siklus kan weergee en kan toepas tydens bv. hartversaking en oefening;
- die mediese fisika van druk, vloeい en weerstand verstaan;
- die mikrosirkulasie en die limfatische sisteem kan bespreek en kan toepas in verskillende siektetoestande;
- die vaskulêre vervormbaarheid en die funksies van die arteriële en veneuse sisteem kan bespreek;
- kennis en insig in die geïntegreerde beheer van die kardiale omset, veneuse terugkeer, bloeddruk en lokale bloedvloei kan demonstreer;
- die dominante rol van die nier in die langtermyn beheer van die arteriële bloeddruk kan kommunikeer

- en verskillende modelle van hipertensie kan uiteensit;
- grafiese analise van hartfunksie kan uitvoer en prakties kan toepas;
- kennis en insig toon in die koronêre sirkulasie en kan toepas in koronêre aandoenings;
- die kennis bekom te kan toepas en integreer soos in sirkulatoriese skok, miokardiale infarksie en ander patologiese toestande;
- die risikofaktore van kardiovaskulêre gesondheidsprobleme te kan identifiseer, oplos en/of voorkom.

Metode van aflewing: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1 x 3 uur 1 : 1

Modulekode:
FLGX325

Semester 2

NKR-Vlak: 7
Krediete: 16

Titel: Neurofisiologie

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis hê van die hooffunksies van die senuweestelsel naamlik sensoriese, motoriese en integrasie, insluitende neurostruktuur en -funksie, impulsgeleiding, sinapswerking;
- oor grondige kennis van die werking van die sensoriese senuweestelsel beskik insluitende reseptorfunksie, somatiese sensasie (bv. pyn en pynhantering), sintuig-fisiologie (bv. oog, oor, smaak en reuk);
- 'n grondige kennis van die ontvangs van en reaksie op sensoriese inligting hê om die werking van die motoriese stelsel insluitende die rugmurg, motoriese breinkorteks, cerebellum en basale ganglia te verstaan;
- hoëre korteks funksionering as integrasie funksie van die senuweestelsel verstaan en ken, insluitende: dominante hemisfeer, verbale en nie-verbale intelligensie, gedrag- en motiveringsmeganismes, breinaktiviteit, epilepsie en slaap;
- die mekanismes van die sintese en werking van die verskillende tipes neurotransmitters moet verstaan word om die neuropatologie van onder andere depressie, Tourette syndroom, Alzheimer se siekte, parkinsonisme, skizofrenie, disleksie, voedingsgedrag, alkohol en dwelmmisbruik op geheue verstaan;
- die struktuur en integrasie van die outonne senuweestelsel met die limbiese stelsel en die rol daarvan in reaksies soos die stresreaksie verstaan;
- 'n deeglike kennis word verwag van breinmetabolisme en serebrospinale vloeistofsisteem asook die belangrikheid van voeding en skedeltrauma op die brein.

Metode van aflewing: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1 x 3 uur 1 : 1

Modulekode:
FLGX326

Semester 2

NKR-Vlak: 7
Krediete: 16

Titel: Voortplanting en Omgewingsfisiologie

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- grondige kennis hê ten opsigte van die struktuur en funksie van die manlike en vroulike geslagstelsels asook die endokriene beheer van die geslagsfunksies;
- oor kennis beskik van patologiese toestande van die geslagstelsels soos onvrugbaarheid en geslagsoordraagbare siektes;
- grondige kennis beskik van die proses van bevrugting, fisiologies aanpassings van die moeder tydens swangerskap en die fisiologies aanpassings van die pasgebore baba;
- oor kennis beskik van die fisiologiese veranderinge wat intree tydens puberteit en menopause;
- oor grondige kennis van die menslike fisiologiese reaksies en adaptasie teenoor verskeie omgewingsfaktore beskik. Die omgewingsfaktore sluit in stres, rook, ultraviolet straling, geraas, temperatuur en omgewingsdruk;
- oor kennis beskik in verband met rookverwante en alkoholverwante patologie, die effek van hoë en lae omgewingstemperatuur op die liggaam en verwante patologie, geraasverwante patologie asook die adaptasie van die liggaam aan hoë en lae omgewingsdruk.

Metode van aflewing: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1 x 3 uur 1 : 1

Modulekode: FLPV212 [G408P]		Semester 1	NKR Vlak: 6 Krediete: 16			
Titel:		Fisiologie I				
Module-uitkomste:						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> identifiseer/verduidelik/beskryf die kernkonsepte, terme, feite, beginsels van die liggaam, liggaam vloeistof kompartemente, chemiese komposisie van die liggaam, selstruktur en organelles, ensies, beweging van molekules deur selmembraan, beheer van selle deur chemiese boodskappers, neurale beheermeganismes, sensoriese stelsels en beheer van liggaams beweging en die relevansie tot die student se veld van studie in die gesondheidswetenskappe; identifiseer/verduidelik/beskryf die kern konsepte, terme, feite, beginsels en reëls verwant aan die fisiologie van homeostase; demonstreer die bewusheid en sensitiwiteit tot die etiese aspekte verwant aan menslike fisiologie binne die gesondheidswetenskappe praktyk; demonstreer etiese praktyk in verkrywing van inligting van verskeidenheid wetenskaplike bronre in die voorbereiding en voorstel van geskrewe of verbale werk; gebruik groepsaktiwiteite/taakbereiking as leergeleenthed deur aktiewe betrokkenheid en 'n bydrae tot die bereiking van gestelde uitkomste van 'n werkende groep. 						
Metode van aflewering:		Voltyds				
Assesseringsmetodes:		PK 1 x 3 uur 1:1				
Modulekode: FLPV221 [G408P]	Semester 1		NKR-Vlak: 6 Krediete: 16			
Titel:	Fisiologie II					
Module-uitkomste:						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> identifiseer/verduidelik/beskryf die kernkonsepte, terme, feite, beginsels onderliggend algemene fisiologie, kardiovaskulêr-, immuun-, respiratories-, uitskeidings-, reprodiktiewe- en spier fisiologie toepaslik tot die menslike liggaam en en die relevansie tot die student se veld van studie in die gesondheidswetenskappe; verstaan die etiese implikasies van besluite, aksies en praktyke relevant en verwant tot menslike fisiologie; akkurate en verstaanbare geskrewe en verbale kommunikasie via opdragte/take met die verstaan en respek vir intellekturele eiendom, kopiereg en reëls oor plagiaat; neem deel as lid van 'n groep en dra by tot die bereiking van spesifieke doelwit/taak; neem gesamentlike verantwoordelikheid vir leerbevordering en uitkomste van die groep. 						
Metode van aflewering:		Voltyds				
Assesseringsmetodes:		PK 1 x 3 uur 1:1				
Modulekode: FLPX113 (G413P)	Semester 1		NKR-Vlak: 5 Krediete: 12			
Titel:	Fisiologie vir Farmasie IA					
Module-uitkomste:						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> Die basiese selfunksies: selstruktur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane kan beskryf asook homeostatiese meganismes. 'n Grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, senuwee beheersisteme, sensoriese stelsels en hormonale beheersisteme. Die relevante vakkundige terminologie te ken en te kan gebruik. Kennis te dra van die bronre waarin wetenskaplike inligting oor fisiologie verskyn. Die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van u toekomstige beroep te kan toepas. 'n Eties verantwoordelike houding jeens die menslike fisiologie te demonstreer. 						
Metode van aflewering:		Voltyds				
Assesseringsmetodes:		PK 1 x 2 uur 1 : 1				

Modulekode: FLPX123 (G413P)	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12		
Titel:	Fisiologie vir Farmasie IB			
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> • Kennis hê van spierfisiologie, kardiovaskulêre fisiologie, respirasie, water- en elektrolyet-balans. • Die spysverteringskanaal prosesse en metabolisme kan beskryf. • Oor kennis van die voortplantingsfisiologie beskik. • Kennis hê van immunologie asook van HIV en die ontstaan van auto-immune siektes. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1			
Modulekode: FLPX221	Semester 2	NKR-Vlak: 6 Krediete: 8		
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C			
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis hê van die kardiovaskulêre stelsel, nierfisiologie en immunologie; • die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1			
Modulekode: FMSG211 (G412P) <i>(Faseer uit einde 2013; sluit einde 2014)</i>	Semester 1	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16		
Titel:	Toebereiding en reseptering van medisyne			
Module-uitkomste: Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.				
Kennis Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor 'n grondige kennis beskik ten opsigte van:				
<ul style="list-style-type: none"> • die verskillende doseervorme en toedieningsroetes. • die tegnieke van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme. • die farmaseutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme. • die fisies-chemiese beginsels van belang by doseervormontwikkeling en die werking van geneesmiddels. 				
Vaardighede Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die vaardigheid beskik om:				
<ul style="list-style-type: none"> • apparaat en toerusting wat gebruik word in die bereiding en reseptering van medisyne, effektiel en korrek te gebruik. • 'n voorskrif te kan respeepter. • suksesvol en effektiel in groepsverband te kan saamwerk. • wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae. 				
Bevoegdheid Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die bevoegdheid beskik om:				
<ul style="list-style-type: none"> • 'n voorskrif te kan vertolk en respeepter. • farmaseutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskrifte korrek te kan uitvoer. • fisies-chemiese beginsels in doseervormbereiding te kan toepas. • die belang van fisies-chemiese beginsels in farmaseutika te verstaan sodat jy dit kan toepas. 				
Waardes Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die waardes beskik om:				
<ul style="list-style-type: none"> • eties op te tree in die voorbereiding en reseptering van 'n voorskrif. • in alle aspekte van doseervormontwikkeling eties korrek op te tree. 				

Metode van aflewinging:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FMSG212	Semester 1	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16		
Titel:	Farmaseutika IA			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om die volgende demonstreer				
<ul style="list-style-type: none"> • gedetailleerde kennis en kritiese begrip van terminologie, relevante konsepte, reëls en onderliggende teorieë met betrekking tot fisies-chemiese beginsels soos van toepassing in die Farmaseutiese veld; • die vermoë om fisies-chemiese beginsels korrek te kan kies, evalueer en toe te pas in verskillende farmaseutiese prosesse in die algemeen, maar spesifiek tydens doseer-vormontwerp en -ontwikkeling, • korrekte keuse en toepassing van vakspesifieke metodes vir versameling, analise, evaluering van inligting en die integrasie van be vindings en aanbevelings rakende die fisies-chemiese beginsels van farmaseutes-belongrike konsepte en chemiese reaksies, en die toepassing van bewys-gebaseerde gevolgtrekkings binne 'n bepaalde konteks in die farmaseutiese veld; • akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie van toepaslike be vindings/ aanbevelings rakende die toepaslikheid van fisieschemiese beginsels in die ontwikkeling van verskillende doseervorms, met begrip en respek vir intellekturele eiendomsreg, kopiereg, reëls ten opsigte van plagiaat en etiese/regse implikasies van besluite wat in die betrokke veld geneem word. 				
Metode van aflewinging:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FMSG222 (G412P) <i>(Faseer uit einde 2013; sluit einde 2014)</i>	Semester 2	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16		
Titel:	Inleidende biofarmaseutika en farmakokinetika			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
Na voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om bewys te lewer van beheersing van die volgende kriteria:				
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie kennis van <ul style="list-style-type: none"> ❖ die basiese begrippe van biobeskikbaarheid, biofarmaseutika en farmakokinetika by doseervorm-onwerp en reseptering; en ❖ die absorpsie, distribusie, metabolisme en eliminasie (ADME) van oraal toegediende geneesmiddels of medisyne. • Die vaardighede <ul style="list-style-type: none"> ❖ om in groepsverband te werk; ❖ om geneesmiddelinligting te interpreteer en pasiënte te adviseer met betrekking tot die korrekte gebruik van medisyne om 'n doeltreffende geneesmiddelwerking te verseker; en ❖ om in wetenskaplike taal te kommunikeer. • Die bevoegdheid om <ul style="list-style-type: none"> ❖ faktore wat die optimale gebruik en werking van geneesmiddels beïnvloed, te identifiseer en te kommunikeer; ❖ die invloed van faktore, soos siekttetoestande, massa en ouderdom, op variasies in geneesmiddelwerking te identifiseer en te evalueer; ❖ die invloed van die toedienroete van geneesmiddels op optimale geneesmiddel-werking te beoordeel en aan die pasiënt oor te dra; en ❖ moontlike faktore wat die optimale werking van geneesmiddels nadelig kan beïnvloed, te identifiseer en die nodige maatreëls te tref om die toestand te verbeter of reg te stel. • Kennis van die etiese waardes met betrekking tot die reseptering van geneesmiddels of medisyne, met inbegrip van die lewering van die korrekte advies en waarskuwings om veilige en doeltreffende medisynegebruik te verseker. 				
Metode van aflewinging:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			

Modulekode: FMSG223	Semester 2	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16		
Titel:	Farmaseutika /B			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te demonstreer:				
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en kritiese begrip van beginsels, terme en teorieë van toepassing in en toegepas op die biofarmaceutiese en farmakokinetiese omgewing, en die absorpsie, verspreiding, metabolisme en eliminasie (ADME) van toepassing op geneesmiddels toegedien via verskillende toedieningsroetes. • Die vermoë om biofarmaceutiese en farmakokinetiese inligting korrek te kan interpreteer ten einde pasiënte te kan adviseer in die veilige en effektiwe gebruik van medisyne om effektiwe geneesmiddelwerking te kan verseker. • Die vermoë om biofarmaceutiese en farmakokinetiese inligting te kan interpreteer, en korrek te kan toepas om relevante probleme in 'n gedefinieerde konteks te kan oplos en om die oplossings te kan toepas in die relevante farmaceutiese veld; • Die vermoë om inligting rakende die invloed van faktore wat die effektiwe werking en optimale gebruik van geneesmiddels te kan identifiseer, evalueer en integreer en om hierdie be vindings toe te pas, binne 'n gegewe konteks in die veld van farmaseutika, tydens die oplos van potensiële probleme wat as gevolg van hierdie faktore kan onstaan; • akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie van toepaslike be vindings/ aanbevelings rakende die toepaslikheid van fisieschemiese beginsels in die ontwikkeling van verskillende doseervorms, met begrip en respek vir intellektuele eiendomsreg, kopiereg, reëls ten opsigte van plagiaat en etiese/regse implikasies van besluite wat in die betrokke veld geneem word. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FMSG311 (G412P) <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16		
Titel:	Farmaceutiese doseervorme en Tegnologie I			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van dié module moet die student die volgende kan demonstreer:				
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis van die basiese beginsels betrokke by die ontwerp en ontwikkeling (formulerung, vervaardiging, verpakking, toetsing, bewaring en gebruik) van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en van die toepassing van kwaliteitsverzekering (AQ), goeie vervaardigingspraktyke (GMP) en kwaliteitskontrole (QC) tydens die vervaardiging van medisyne; • die vermoë om kennis en begrip van produkontwerp, produkontwikkeling en kwaliteitsverzekering, individueel of in spanverband, te kan toepas in die ontwerp en ontwikkeling (formulerung, vervaardiging, toetsing en verpakking) van orale vaste doseervorme; • die vermoë om relevante preformuleringsinligting uit alle moontlike bronne (vakhandboek, farmakopeë, internet-bronne) op te spoor, te evalueer en te gebruik tydens medisynevervaardiging; • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die bepaling van die rakkelyftyd en vervaldatum van medisyne met in agneming van die toepaslike chemiese kinetiese beginsels; • individueel of in spanverband 'n farmaceutiese produksieproses (vanaf formulering tot verpakking) te kan beplan, organiseer, beheer en uitvoer aan die hand van die vervaardiging van orale vaste doseervorme; • die vermoë om met ander lede van die gesondheidspan en die pasiënt te kan kommunikeer oor die korrekte gebruik en hantering van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en • 'n afgeronde kennis (en die toepassing daarvan) van die etiese en regsapekte van belang tydens medisynevervaardiging en toebereiding. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			

Modulekode: FMSG312	Semester 1	NKR-Vlak 7 Krediete: 16		
Titel:	Farmaseutika I/A			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te demonstreer:				
• 'n geïntegreerde kennis, duidelike begrip en die vermoë om fisies-chemiese en farmaceutiese mikrobiologiese beginsels, teorieë en procedures van toepassing op parenterale en ander doseervorms korrek te kan toepas tydens die ontwikkeling en kwaliteitsverzekering daarvan, insluitend die verskillende metodes van sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke by die vervaardiging, hantering van steriele doseervorms.				
• Die vermoë om kennis en begrip van die toepaslike fisies-chemiese en mikrobiologiese beginsels te kan gebruik/implementeer in die ontwikkeling, formulering, vervaardiging, toediening en bewaring van medisyne vierskillende doseervorms;				
• 'n sistematiese kennis van korrekte farmaceutiese berekeninge en die vermoë om hierdie kennis korrek toe te pas tydens die formulering, reseptering en toediening van medisyne via verskillende doseervorms;				
• Die vermoë om te 'n verskeidenheid kwaliteitskontrole-maatregels en procedures te kan kies, evalueer en toepas om hoë standaarde in verskillende doseervorms te handhaaf en om produkeffektiwiteit en pasiëntveiligheid te waarborg.				
• akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie-vaardighede van toepaslike verslae en verwante temas van doseervorms met begrip van en respek vir intellektuele eiendomsreg, kopiereg en reëls rakende plagijs.				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FMSG321 (G412P) <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	Semester 2	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16		
Titel:	Farmaceutiese doseervorme en Tegnologie II			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• 'n afgeronde kennis beskik van die fisies-chemiese beginsels betrokke by die ontwikkeling van vloeibare doseervorme (orale vloeibare doseervorme en parenterale produkte);				
• 'n afgeronde kennis beskik aangaande die basiese beginsels van farmaceutiese mikrobiologie (insluitend die verskillende sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme);				
• die vermoë beskik teoretiese kennis oor genoemde doseervorme te kan toepas in die formulering, vervaardiging, hantering en bewaring van orale vloeibare en parenterale produkte;				
• die vaardigheid beskik om genoemde kennis oor beginsels van farmaceutiese mikrobiologie te kan toepas tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme;				
• die vaardigheid, vermoëns en etiese waardes beskik om as adviseur op te tree tydens die keuse en gebruik van genoemde doseervorme ten einde die vereiste uitkoms van geneesmiddelterapie te versker;				
• die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk-gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek en suksesvol en effekief in groepsverband kan saamwerk.				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FMSG322	Semester 2	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16		
Titel:	Farmaseutika I/B			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:				
• Geïntegreerde kennis en begrip van, en die vermoë om konsepte, feite, fisies-chemiese beginsels, riglyne en teorieë te kan evalueer en korrek toe te pas op verskillende doseervorms en toedieningsroetes vir geneesmiddelafliewering in die veld van doseervormontwerp en -ontwikkeling, asook begrip van hoe hierdie kennis betrekking het op ander velde of praktyke in farmasie;				

- Begrip en bewese kennis binne die veld van doseervormontwerp en -ontwikkeling, en kritiese evaluering van formuleringbeginsels, stabilitetsaspekte, gehalteversekering, goeie vervaardigingspraktyke, kwaliteitskontrole en farmaseutiese formules in die veld van doseervormontwikkeling en -ontwerp. ,
- Vermoë 'n verskeidenheid toepaslike procedures, wetenskaplike metodes en farmaseutiese formules te kies, evalueer en toepas ten einde gerigte navorsing te kan doen en probleme te kan oplos wat 'n effek kan hê op geneesmiddelontwikkeling
- Vermoë om ingewikkelde doseervormontwerp- en ontwikkelingsprobleme te kan identifiseer, analiseer, krities kan evalueer en op te los deur die toepassing van bewysgebaseerde oplossings gegrond op teorie-gedrewe argumente.
- Inagneming van alle toepaslike waardes, etiese gedrag en motiveerbare besluitnemming om as adviseur op te tree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidspan) rakende die keuse en gebruik van geskikte doseervorms ten einde die verlange uitkoms van geneesmiddelterapie te verseker en om 'n betekenisvolle bydrae te lever tot die behoud van produkeffektiwiteit en pasiëntveiligheid;
- akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie-vaardighede van toepaslike verslae en verwante temas van doseervorms met begrip van en respek vir intellekturele eiendomsreg, kopiereg en reëls rakende plagijs.

Metode van aflewering:	Voltyds		
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1		
Modulekode: FMSG411 (G412P)	Semester 1	NKR-Vlak: 8	Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie III		

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die toedien van geneesmiddels via die volgende roetes: parenteraal, rektaal, vaginaal, transdermaal, pulmonêr, oksaal, en die oor; die produksie (formulering, vervaardiging, evaluering en verpakking); die reseptering, hantering en bewaring van genoemde roeteverwante doseervorme; asook reseptering en farmaseutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van alle doseervorme.
- die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek; suksesvol en effekief in groepsverband kan saamwerk; en 'n voorskrif kan resepteer.
- die bevoegdheid beskik om 'n voorskrif te kan vertolk en resepteer; farmaseutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskifte korrek te kan uitvoer; om as adviseur te kan optree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidspan) oor die keuse en gebruik van spesifieke doseervorme; om 'n wesenlike bydrae te kan lewer tot die handhawing van produkeffektiwiteit en die versekerung van pasiëntveiligheid.
- die waardes beskik om ten alle opsigte eties op te tree in terme van alle vorme van doseervormontwikkeling; asook tydens uitreiking en bereiding van alle doseervorme.

Metode van aflewering:	Voltyds		
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1		
Modulekode: FMSG412 (G413P)	Semester 1	NQF-vlak: 8	Krediete: 16
Titel:	Farmaseutika IIIA		

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:

- die vermoë te demonstreer om basiese wetenskaplike kennis en beginsels te kan toepas in die veld van doseervormontwerp en -ontwikkeling (insluitend, preformulering, formulering, vervaardiging, verpakking, etikettering en evaluatingsfasies);
- kennis aangaande die chemiese stabilitet en afbraakroetes van geneesmiddels met behulp van chemiese kinetika te kan toepas tydens die bepaling van die rakleeftyd en vervaldatum van medisyne;
- die vermoë te demonstreer om kennis en beginsels van produkontwerp en -formulering van medisyne en verwante farmaseutiese produkte te kan toepas aan die hand van die riglyne van Goeie Vervaardigingspraktyke [GVP] en huidig geldende relevante regulasies;
- 'n Kwaliteitsversekeringssysteem (QAS) en Kwaliteitskontrolesisteme (QCS) te kan definieer, implementeer en/of bestuur tydens die vervaardiging, verpakking etikettering en evaluering van farmaseutiese produkte op industriële vlak;
- Aan die hand van gegewe data en amptelike riglyne in aansoek vir registrasie van medisyne by die

<p>MBR te kan voltooi;</p> <ul style="list-style-type: none"> Die vermoë te demonstreer om om geïntegreerde kennis van innoverende doseervorms te kan toepas; kritiese begrip van gevorderde doseervormontwerp te toon en te kan toepas in die ontwerp en ontwikkeling van innoverende doseervorms; die vermoë te demonstreer om 'n verskeidenheid van beginsels in gevorderde doseervormontwerp te kan kies, evalueer en toe te pas om sodoende komplekse en abstrakte probleme relevant tot uitdagings in die ontwerp van innoverende doseervorms te kan aanspreek. Effektiel onafhanklik of in 'n sisteem/organisasie/groep te kan funksioneer en/of om 'n sisteem/organisasie/groep te kan bestuur in die konteks van produkontwerp en -ontwikkeling; Effektiel te kan kommunikeer, d.i. die vermoë te kan demonstreer om akademiese, professionele of beroepsverwante idees via verskillende tegnieke (mondelings, skriftelik, ens.) aan 'n verskeidenheid van gehore oor te dra; Die vermoë te demonstreer om etiese aspekte te kan identifiseer en aan te spreek gebaseer op kritiese refleksie oor die gesiktheid van verskillende etiese waardesisteme in die konteks van of relevant tot produkontwikkeling en -ontwerp 						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:	Pk					
Modulekode: FMSG422 (G412P)	Semester 2		NKR-Vlak: 8 Krediete: 8			
Titel:	Biotechnologie en Innoverende doseervorme					
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die rol en toepassing van farmaseutiese biotechnologie in geneesmiddelterapie en doseervormontwikkeling; die vermoë beskik om die eise wat nuwe generasie geneesmiddels aan doseervorm-ontwikkeling stel, te verduidelik; 'n grondige kennis beskik van die huidige en toekomstige tendense in geneesmiddel-aflewing en doseervormontwikkeling; en 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die beginsels van die ontwikkeling en gebruik van dieremedisyne. 						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1					
Modulekode: FNPG421 (G413P)	Semester 2		NQF-vlak: 8 Krediete: 32			
Titel:	Farmaseutiese Navorsingsprojek					
Module uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> kennis rakende die beginsels van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te toon en dit te kan toepas tydens die uitvoering van 'n navorsingsprojek binne die farmaseutiese veld. 'n navorsingsvoorstel te kan formuleer. Navorsing eties en in oorleg met gevestigde navorsingsmetodologiese praktyke te kan uitvoer. 						
Navorsingsresultate te kan bespreek en bevindings (resultate) en gevolgtreknings mondelings of in geskrewe vorm volgens gevestigde navorsingspraktyke te kan voorlê/voordra.						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes: Pk Projekwerk, verslag en mondeling (deurlopend) – Geen summatiewe assesserings						
Modulekode: FPFG121 (G413P)	Semester 2		NKR-Vlak: 5 Krediete: 16			
Titel:	Kliniese Farmasie /B					
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> die mikro- en makro anatomie van die kop en nek, boonste- en onderste ledemate, abdomen en pelvis t.o.v muskulêre-, neurologiese- en vaskulêre voorsiening, limfdrainering, osteologie, ligamente en 						

strukture te identifiseer, beskryf, bespreek en diagrammadies voor te stel;		
<ul style="list-style-type: none"> • bogenoemde in gevallestudies en kliniese toepassings te kan bespreek om m.b.v. hierdie insig en kennis gesondheid in die praktyk te help bevorder, instand te hou en te verstaan; • begrippe in anatomie te definieer, verstaan, en toe te pas in die identifisering van verskillende strukture deur o.a van verskeie bronne, die internet en praktiese toepassings op geplastifiseerde modelle, kadawers en illustrasies gebruik te maak; • Selfstandig en in 'n groep te werk ten einde die uitkennings van anatomiese strukture suksesvol te kan doen; • Om vanuit 'n gevinstige waardesisteem eties korrek op te tree tydens praktika op kadawers en geplastifiseerde monsters. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Pk 1x3 uur 1 : 1		
Modulekode: FPFG211		Semester 1
		NKR-Vlak: 6 Krediete: 16
Titel: Kliniese Farmasie IIA		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Grondige kennis van algemene patologiese-mediese terminologie te kan demonstreer en dan daardie kennis kan toepas in goed gedefinieerde maar onbekende probleemplossing; • Bewys te kan lewer van 'n omvattende kennis van basiese patologie en dit met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik; • Algemene patologiese veranderinge of awykings in algemene siektetoestande te herken; • Inligting te kan inwin, dit verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervaat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer; • Suksesvol aan groepwerk deel te neem en self ook leiding te kan neem; • Vanuit 'n gevinstige waardesisteem eties korrek te kan optree; en • Bewys te kan lewer van vaardighede ten opsigte van selfevaluering, herkenning van studie tekortkominge en behoeftes, inisiatief te neem om dit aan te spreek, en ook om ander te help 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Pk 1x3 uur 1 : 1		
Modulekode: FPFG221		Semester 2
		NKR-Vlak: 6 Krediete: 8
Titel: Kliniese Farmasie IIB		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Grondige kennis van algemene diagnostiese en/of laboratorium toets verwante beginsels en terminologie te kan demonstreer wat jou vir die res van jou professionele lewe sal dien; • Hulp te verleen ten opsigte van kliniese besluitneming deur samevattung, kritiese analise en interpretering van pasient-verwante diagnostiese en/of laboratorium data; • Konsepte, doelwitte en betekenis van ondervinding te kan herken en daarop kan reflekter en dit dan met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik; • Aan te hou soek na nuwe inligting om beter, meer volledige antwoorde te kan verskaf; • Inligting te kan inwin, dit verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervaat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer; • Suksesvol aan groepwerk deel te neem en self ook leiding te kan neem; en • Vanuit 'n gevinstige waardesisteem eties korrek te kan optree. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Pk 1x3 uur 1 : 1		
Modulekode: FPFG311 (G412P) <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>		Semester 1
		NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
Titel: Kliniese Patologie		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afgeronde kennis van algemene patologiese prosesse, soos die akute en chroniese ontstekingsreaksies, hipersensitiviteitsreaksies, sirkulasieversteurings en sellulêre reaksies op 		

- beserings te kan demonstreer deur dit in probleemplossing te kan toepas;
- 'n afgeronde kennis van patologiese prosesse van spesifieke siektetoestande van verskillende orgaanstelsels te kan demonstreer deur dit in gevalle studies te kan toepas;
 - bewys te kan lewer van 'n afgeronde kennis van menslike mikro- en makro-anatomie en dit met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik;
 - siektetoestande en afwykings wat algemeen voorkom te kan herken en te kan hanteer;
 - suksesvol aan groepwerk te kan deelneem en self ook leiding te kan neem;
 - inligting te kan inwin, te verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervaat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer;
 - vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek te kan optree;
 - gereed te wees om die normaal en abnormaal van die menslike liggaam en sy stelsels met mekaar te kan vergelyk.

Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FPFG312	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
Titel:	Kliniese Farmasie IIIA	

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Om oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande te kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee;
- Die etiologie (oorsake) van die siektetoestande te ken;
- Vaardig te wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime;
- Pasiënte met respek en waardigheid te hanteer;
- Te kan aantoon dat hy of sy vanuit 'n gevestigde en sruwer etiese grondslag optree;
- Bevoeg te wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, insluitend advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer.

Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FPFG321 (G412P) <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	Semester 2	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
Titel:	Gesondheidskunde	

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee;
- die etiologie (oorsake) van siektetoestande ken;
- vaardig te wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime;
- pasiënte met respek en menswaardigheid te hanteer;
- kan aantoon dat u vanuit 'n gevestigde en sruwer etiese grondslag optree;
- bevoeg te wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, wat insluit advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer.

Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	

Modulekode: FPFG322	Semester 2	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16		
Titel:	Kliniese Farmasie III/B			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> • Die omgewing van farmakoterapie te verstaan in die konteks van die farmaseutiese sorg plan; • 'n Patofisiologiese benadering te volg in die verstaan van farmakoterapie; • 'n Grondige kennis van kritiese inligting wat gebruik word in die besluitneming van geneesmiddelterapie in die kliniese omgewing te demonstreer; • Genoegsame kliniese inligting aangaande die gebruik van medikasie te lewer; • Die beginsels van farmakoterapie in die praktyk te kan toepas deur 'n farmaseutiese sorg plan te ontwikkel; • Bekwaamheid te demonstreer deur farmakoterapie inligting toe te pas deur goeie kommunikasie vaardighede en etiese gedrag 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FPFG411 (G412P)	Semester 1	NKR-Vlak: 8 Krediete: 8		
Titel:	Kliniese Farmasie I			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> • kennis te dra van die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg; • 'n farmaseutiese sorgplan vir 'n pasiënt kan ontwikkel; • oor kennis en vaardighede beskik in die uitvoer van siftingstoetse (urine-analise, bloedtoetse, cholesteroltoetse, bloeddrukbepliging en longfunksie toetse), asook die implementering van primêre sorg siftingstoetse en moniteringsdienste in 'n apieek; • basiese laboratoriumtoetse kan interpreteer en • fisiële ondersoek op primêre gesondheidsorgvlak kan uitvoer wat ondersoek van die neurologiese stelsel, borskas, abdomen, oë, mondholte, oor, neus en keel insluit. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1			
Modulekode: FPFG412	Semester 1	NKR-Vlak: 8 Krediete: 16		
Titel:	Kliniese Farmasie /VA			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> • Die omgewing van farmakoterapie te verstaan in die konteks van die farmaseutiese sorg plan • 'n Patofisiologiese benadering te volg in die verstaan van farmakoterapie • 'n grondige kennis van kritiese inligting wat gebruik word in die besluitneming van geneesmiddel terapie in die kliniese omgewing te demonstreer • Genoegsame kliniese inligting aangaande die gebruik van medikasie te lewer • Die beginsels van farmakoterapie in die praktyk te kan toepas deur 'n farmaseutiese sorg plan te ontwikkel • Bekwaamheid te demonstreer deur farmakoterapie inligting toe te pas deur goeie kommunikasie vaardighede en etiese gedrag 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1:1 (3 ure)			
Modulekode: FPFG423 (G412P)	Semester 2	NKR-Vlak: 8 Krediete: 16		
Titel:	Kliniese Farmasie II			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> • farmaseutiese sorg binne die bestek van die farmaseutiese professie te kan beoefen; • omvattende kennis van farmakologie en kliniese vaardighede kan integreer met nuwe kennis van 				

<p>farmakoterapie en sinvol in die praktyk kan toepas;</p> <ul style="list-style-type: none"> dit behels kennis en vaardighede ten opsigte van die hantering van anafilakse, die inspuiting tegniek, die behandeling van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg; kennis te dra van die etiologie, simptome en behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: neurologiese ongesteldhede, oftalmiese ongesteldhede, siektes van die mondholte, boonste en onderste lugweg-infeksysies, kardiovaskulêre siektes, gastrointestinale siektes, diabetes, urienweg-infeksysies, seksueel oordraagbare siektes, skelet- en gewrigsieke, velsiektes, en siektes veroorsaak deur parasiete. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FPKG111 <i>(Faseer uit einde 2012; word gesluit einde 2013)</i>	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12		
Titel:	Farmasiepraktyk I			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van die rol wat die apoteker speel in die bestuur van medisyneverspreiding in die openbare gesondheidsorgstelsel van Suid Afrika; oor die bevoegdheid te beskik om die apoteker se verantwoordelikhede in die bestuur van medisyneverspreiding in Suid Afrika te kan interpreteer; eties korrek, die wetlike en beroeps aspekte van medisyneverspreiding toe te pas in 'n groep of as individu. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FPKG112 [G413P]	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12		
Titel:	Farmasiepraktyk IA			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> kennis en ingeligte begrip van die sleuteltermie, konsepte, beginsels en kriteria van relevante reëls wat vantoepassing is op die veld van medisyne bestuur; om op 'n professionele en etiese wyse die relevante inligting van pasiënte bymekaar te maak, data te analiseer, pasiënte te evalueer volgens standaarde van farmaseutiese sorg en om die bevindinge te kommunikeer met behulp van die gepaste media; die vermoë om medikasie soos aangedui in die medisynebestuursiklus te selekteer, te bestel, te verkry, te stoor, te versprei en te vernietig; die begrip en toepassing van die Nasionale Medisyne Beleid sowel as Goeie Apteek Praktyk volgens aanvaarbare professionele gedrag van 'n Apoteker; die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en om toepaslike insette tot observasie verslaggewing te lewer wat gefundeer is op bewese grondige teorieë. 				
Metode van aflewing:	Voltyds			
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1			
Modulekode: FPKG113 [G413P]	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12		
Titel:	Farmasiepraktyk IB			
Module-uitkomste:				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> kennis en ingeligte begrip van die onderliggende sosiale beginsels, sosiale teorieë, gedragsbeginsels en -teorieë wat relevant is tot die pasiënt se siekte perspektief en siekte ondervinding as ook van Farmaseutiese Sorg; om fundamentele sosiale beginsels en gedragsbeginsels en kennis aangaande die pasiënt se siekte perspektief te integreer en toe te pas met die lewering van Farmaseutiese Sorg; die vermoë om roetine of nuwe uitdagings met betrekking tot die pasiënt se siekte perspektief en Farmaseutiese Sorg, in 'n bekende konteks te kan onderskei, te evalueer, oplossings te vind en die 				

oplossings te kan toepas; • die vermoë om te kan funksioneer as deel van 'n groep of span, om toepaslike insette te lewer sodat die taak of projek suksesvol afgehandel kan word en mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die leerproses en realisering van die uitkomste van die groep.						
Metode van aflewing:	Voltyds					
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1					
Modulekode: FPKG211 (G413P)	Semester 1	NQF-vlak: 6	Krediete: 16			
Titel:	Farmasiepraktyk IIA					
Module uitkomste:						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:						
